

was never intended to be, a due date. Since it is a cheque, the date thereon simply means the date from when demand can be made. No time for payment is expressed thereon - whether it be prior to the post-date or after. Hence it is, and always was, a demand instrument pursuant to section 8(1).

Even prior to the post-date it was still payable on demand save that demand was deferred. The remarks of Holmes J A in *Standard Bank of South Africa Ltd v Sham Magazine Centre* 1977(1) S.A. 484 (A) at 505 advocating the legal osmosis of such an instrument were *obiter* and, with respect, incorrect.

However, this academic flight of unreality into a Cinderella world has tempted this reviewer into the equally unreal world of poetry, and the following poem is respectfully dedicated to Professor Malan in the hope that his views on the nature of a post-dated cheque will have changed by the time the third edition is ready for publication:

*A bill of exchange embryonic
Displayed some traits histrionic.
'Twas a post-dated bill
At midnight - until
It's a cheque now, chameleonic.*

D G Tobias
Durban Bar □

Income Tax in SA Law and Practice

deur *RC Williams BA LLB (UK) LLM
(Londen) H Dip Tax Law (Wits) PhD
(Macquarie)*
Professor, Universiteit van Natal.

Juta. 1994
656 bladsye.
R130,00 (BTW ingesluit)

Hierdie boek is 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingreg. Die skrywer se doel is om die stof op 'n beginselgrondslag, eerder as chronologies artikel vir artikel, te behandel. Hierdie benadering maak die uiteensetting vir 'n leser makliker verstaanbaar as wat andersins die geval kon gewees het. Dit verskaf ook

argumente vir die uitleg van die Inkomstebelastingwet op die basis van die beginsels wat die Wet onderlê.

Die skrywer se benadering word onder andere getipeer deur die titel tot hoofstuk drie, wat lui: "The legislative scheme and cardinal features of the South African income tax system". Verder aan sê hy: "... the courts have, when confronted with tax questions, generally sought an answer via a narrow and literalistic focus on the *ipsisima verba* of the Act ... instead of searching first for underlying concepts and principles and then asking whether the statutory definitions compel a different conclusion". (p 73-74.)

Die boek poog nie om die hele Wet in besonderhede te behandel nie. Wat sommige gedeeltes van die Wet betref, is die bespreking dus kursories. Die werk kan gevolglik nie beskou word as 'n volledige handleiding oor die inkomstebelastingreg nie. Waar die behandeling van 'n onderwerp nie poog om volledig te wees nie, gee die skrywer gewoonlik 'n verwysing na 'n vollediger bespreking in *Silke on South African Income Tax*. Daardie verwysings verhoog die bruikbaarheid van die boek.

Uit hoofde van die feit dat die inkomstebelastingreg aan baie gereelde en substansiële wysiging onderworpe is en die boek nie 'n losbladwerk is nie, moet aanvaar word dat dele daarvan besonder gou sal verouder. Dit moet egter gesien word teen die agtergrond van die skrywer se doel om eerder algemene beginsels te verduidelik as om 'n volledige byderwetse handleiding oor die vakgebied te verskaf. 'n Regspraktisyn wat die boek aanskaf, sal dus moet aanvaar dat hy ook minstens een ander (volledige) werk oor die inkomstebelastingreg tot sy beskikking sal moet hê.

Die boek bevat heelwat verwysings na Australiese en Engelse beslissings asook na Suid-Afrikaanse tydskrifartikels, handboeke en bronne soos die Margo-verslag. Daardie verwysings verhoog die praktiese nut van die werk. Die aansienlike hoeveelheid verwysings na Australiese gesag is waarskynlik gedeeltelik te wyte aan die feit dat die skrywer tien jaar in daardie land deurgebring het waar hy onder andere aan 'n universiteit verbonde was. Die leser moet mys

insiens egter die Australiese verwysings met versigtigheid hanteer, aangesien daardie land se regstelsel, en die benadering van die howe aldaar, dikwels heelwat van dié in Suid-Afrika verskil. Op p 66 n 118 word die volgende stelling byvoorbeeld gemaak wat na my mening nie in Suid-Afrika toepassing sal vind nie:

"In Australia, the fact that the taxpayer may have to refund moneys received (even where such refund is given as a matter of 'business good sense' rather than in terms of a contractual obligation) has on occasion led the court to hold that, while the possibility of such refund exists and provided that the taxpayer creates some kind of suspense account for the moneys in question, such advances do not have the quality of 'income'"

Silke paragraaf 2.19 sê in dié verband die volgende betreffende die huidige regsposisie in Suid-Afrika:

"Once income has accrued to a person ... the ultimate disposal of the income by that person does not affect its nature as income in his hands."

Die skrywer maak heelwat submissies van sy eie, die geldigheid waarvan die leser uiteraard self sal moet weeg teen die agtergrond van die aangehaalde gesag. Op p 315 sê die skrywer:

"... if a company [which is not being wound up] purchases an asset for R10 000 which has a current market value of R25 000 and it donates the asset to a shareholder, the distribution is not a 'dividend' [as defined]."

Ek meen dat hierdie stelling nie met die vorige paragraaf van die werk strook nie. Aldaar het die skrywer se beskouing naamlik daarop neergekom dat die gratis oordrag van 'n bate aan 'n aandeelhouer uit 'n ongerealiseerde wins wat op die voormelde wyse ontstaan het, wel 'n dividend is.

Die boek is in 'n maklik leesbare styl geskryf. Die verdeling van die inhoud in kort paragrawe vergemaklik die gebruik daarvan.

Anton Derksen
Pretoria-Balie □